Die evangelie volgens

# MARKUS




Liefde > OFFERS
MARKUS 12:28-34


Die Messias
IS HIER
MARKUS 12:35-44

35 Jesus het toe voortgegaan om die mense in
die tempel te leer, en Hy het vir hulle gesê: "Hoe
is dit dat die skrifgeleerdes sê dat die Christus
die seun van Dawid is? 36 Dawid self het deur die
ingewing van die Gees gesê:

MARKUS 12:35-44

16 Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd
vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan."

2 SAMUEL 7:16

Die Here het vir my heer die koning gesê:
"Kom sit aan my regterhand,
en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp."

PSALM 110:1

" 'Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.'
37"Dawid self noem Hom 'Here'; hoe kan Hy dan sy seun wees?"
Die groot menigte mense het graag na Hom geluister.

MARKUS 12:35-44

38 Terwyl Jesus die mense leer, het Hy gesê: "Pas
op vir die skrifgeleerdes, wat daarvan hou om
met swierige klere rond te stap en om op straat
begroet te word, 39 wat die voorste sitplekke in
die sinagoges en die ereplekke by die
feesmaaltye wil hê. 40 Hulle palm die huise van
die weduwees in en sê vir die skyn lang gebede
op. Hulle sal baie swaar gestraf word."

MARKUS 12:35-44

41 Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit
en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk
mense het baie geld ingegooi. 42 Daar het toe 'n
arm weduwee gekom en twee muntstukkies
ingegooi. Dit was baie min werd.

MARKUS 12:35-44

43 Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle
gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm
weduwee het meer ingegooi as al die ander
mense wat iets in die offergawekis gegooi het.
44 Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi,
maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat
sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

MARKUS 12:35-44


Die Messias
IS HIER
MARKUS 12:35-44